

Sondag 4 November

Skrifgedeelte: Haggai 2:1-5

Fokusgedeelte: Haggai 2:5

God is getrou, maar roep ons tot verantwoording

In die geskiedenis van die Ou Testament en die boek van die profete sien ons die terugkeer van God se volk uit ballingskap. Die volk is verheug en vol moed om weer in hulle eie land te kan woon en leef. Iets kort egter in dié blye tyd en vrolikheid.

In al die jare wat die volk reeds terug is op eie bodem, is die tempel van God steeds 'n puinhoop. Die huis van God, waar die teenwoordigheid van God onder die volk gesien kon word, lê as 'n hoop rommel tussen die mooi nuwe huise en welvaart. Die oproep tot die herbou van die huis van God kom dan vanuit die mond van die profeet Haggai, net soos die volk vantevore vermaan was.

16 jaar het verloop vandat hulle terug was in die land Judea en alles is herbou en in weelde gevul, maar die huis van God, die woning van die Here onder die volk, was nie daar nie.

Hoe lyk die huis van God in jou lewe? Is jy soos die volk van ouds ook besig om alles te verfraai en uit te bou in en rondom jou, maar die huis van God is nie daar nie? Dan is hier-die oproep tot volharding in die op- en uitbou van jou geloof ook vir jou vandag. God sê dit in die gelese teks deur die mond van Haggai aan die volk, maar ook aan ons elkeen: "My belofte wat Ek met die uittog uit Egipte aan julle gemaak het, sal Ek nakom: my Gees sal altyd by julle bly. Moenie bang wees nie!"

Hou vas aan God se verbond met jou en bou aan jou geloofstempel in jou hart waar die Gees kan woon en werk. Verheerlik die Here van die verbond in jou geloof en lewe in alles wat jy doen en aanpak, dan sal jy die getrouheid van God ervaar.

Bou God se tempel!

Sing: Skrifberyming 2-1:4, 5

Teologiese Student HM (Herman) Stavast